

# Ervaar welkome lafenis ná hitte

**Teen Maandagmiddag (30/01) het ’n reënbui oor Kimberley uitgesak – ’n welkome lafenis ná die hoë temperature wat die afgelope tyd beleef is. Teen laatmiddag was daar min van die blou onweerswolke te sien, met slegs ligte wolke op die horison en enkele los wolke wat in plasse water by Rooifontein buite die stad weerkaats. Vir vandeesweek word nog reënbuie vir die Noord-Kaapse hoofstad voorspel, met maksimum dagtemperature van nie hoër as 31 °C nie. Vir Upington word dagtemperature tot so hoog soos 38 °C voorspel, met Kuruman se hoogste dagtemperatuur teen 30 °C.** FOTO: HELENA BARNARD

## Hoofartikel

# Kuur teen verweer te min, te laat

**Soos ’n onversorgde vrou wat einde November met ’n blitsgesondheidsplan begin om teen middel-Desember viets, vars en skraal in ’n nuwe bikini op die strand te pryk.**

Só was die poging om die Noord-Kaapse hoofstad voor die aanvang van die internasionale eendagkrieketreeks tussen Suid-Afrika en Engeland op te knap.

’n Mens sal ná twee weke van oordeelkundig eet, oefening doen, meer glimlag en selfs net meer gereeld die sjampoebottel nader trek, beter voel. Die skaal sal dalk effens minder kreun.

Maar dit is te min, selfs te laat, om jare se laat-maar-gaan om te keer, of weg te steek.

Om nou ’n hoed op te sit en sonskerm aan te smeer nadat dekades se sonskade reeds sy merk gelaat het is te laat. Om enkele slaggatgevulde strate rondom die Diamant-ovaal te probeer opknap met nog ’n vrag grond en nuwe padstrepe oor die grond en gate, is ook te laat.

Om ’n vars haarstyl te kry terwyl die mondhoeke steeds ongedurig afwaarts neig, en die hakskene in skeefgetrapte plakkies steeds jare se barste wys, is seker beter as niks. Maar dit is te min om die volle prentjie te verbeter.

Om bome langs enkele toegangsroetes te snoei en gras en onkruid op oorgroeide sypaadjies haastig te sny – terwyl stormwaterafvoerpype verstop is, waterpype lek, rommel ophoop, nalatenskappe verwoes word – is ook te min.

Om nou fyntjies aan slaaie sonder slaaisous te knibbel, en die inname van suiker en vet te verminder, gaan op die duur help. Maar vir nou is dit te min, te laat, om ’n invloed op die aangepakte are te hê, of op die oorwerkte hartspiere of omgekrapte pankreas.

Maar ja. ’n Mens moet iewers begin. Dalk kan die vrou teen Desember van ’n ander jaar die gewenste resultate behaal.

’n Mens moet iewers begin om Kimberley en die provinsie se dorpe weer in fatsoen te kry.

Daarom ’n saluut aan elke individu en groep wat ’n verskil probeer maak en reeds moeisaam daarmee voortbeur.

## Little gem

### positive idioms

- A blessing in disguise: Something that seems to be a problem, but that has good results in the end.
- Flying colours: Very well; with a very high mark.
- Be coming up roses: To be developing in a successful way.
- Keep your chin up: Telling someone to stay cheerful even though they are in a difficult situation.
- **Source: Learning English with Oxford**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as ’n e-publikasie by streeksnuus. netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24

## Twyfelhoekie

# Kies om vreugde te bring, nie naarheid

HANNES NOËTH

**Dit gebeur van tyd tot tyd wanneer ’n mens met iemand gesels dat hulle ’n ding op ’n vreemde manier sê, wat tog so waar is en tog ’n bietjie oordenking vra.**

So ’n sin kry ek toe ek met hierdie jong vrou sit en gesels oor ’n klompie goed wat in haar lewe gebeur het.

Dit is mos so dat ’n mens nie altyd iemand anders se leefwêreld ken nie, nie altyd weet wat ’n ander deurmaak nie en nie altyd weet hoe iemand anders iets sien nie.

In elk geval, ná haar tyd van trauma en beproewing, uitdagings en goed wat gebeur het wat eintlik aan belaglik erg grens, kom sy tot die slotsom: “Een persoon kan ’n omgewing met naarheid infiltreer.”

Eers was die sin vir my vreemd en ek moes ’n keer of wat daaraan kou, maar namate ’n mens dit oordink, verstaan ’n mens presies wat sy hiermee bedoel.

Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar.

Iemand kan in ’n geselskap inkom, of in ’n werksomgewing, of deel van ’n vriendekring wees en só ’n reuse- positiewe verskil maak.

Of iemand kan doodgewoon net ’n naarheid nalaat.

Dit skep daardie soort situasie waarin niemand goed voel nie, almal sleg voel en so ’n iemand dikwels net nonchalant voortgaan.

Ek besef net weer hoe fyn ons moet let op wie ons is en hoe ons optree; en wat ons sê wanneer ons tussen ander mense is.

Mag ons tog nie ’n omgewing met naarheid infiltreer nie.

Mag ons teenwoordigheid vreugde bring.

Waar ons ook al is.

## Potpourri

# Speel eerder die bal

KARIN MULLER

**’n Paar kollegas staan en gesels oor onlangse gebeure by die kantoor.**

Meer spesifiek gesels hulle oor die invloed wat dit het as mense iets nie ter wille van die groter prentjie doen nie, maar net om iemand in die rug te steek.

“Hulle speel die man, nie die bal nie,” gee iemand sy mening.

Dit is so waar.

Kyk ’n mens na ’n rugbywedstryd, is dit waaroor dit gaan – om die bal soveel keer as moontlik in ’n spesifieke tyd oor die doellyn te kry. Nie om soveel as moontlik teenstanders op die krukkelys te sit nie.

Hou jy jou oog op die bal, is die kans vir sukses net soveel groter.

Speel jy die man, is die kans goed dat jy die bal uit die oog verloor.

Sonder om te weet waar die bal is, gaan dit baie moeilik wees om ’n wedstryd te wen.

Daar is spanne wat bekend daarvoor is dat hulle die bal speel.

Dan is daar ander spanne wat bekend staan vir hul venynigheid.

Die bal is vir ’n sekere doel gemaak, nie die mense wat daarby betrokke is nie.

Sommige kollegas sal nie twee keer dink om eerder die man as die bal te speel nie.

Figuurlik gesproke natuurlik.

Soveel energie gaan in hierdie proses verlore.

As daar ’n probleem is, fokus op die probleem en hoe om dit op te los.

Speel die bal, nie die man nie.

## Kameeldoring

# Draai roetine nek om

CHARNÉ KEMP

**“If you follow the classical pattern, you are understanding the routine, the tradition, the shadow – you are not understanding yourself.” – Bruce Lee, *Tao of Jeet Kune Do***

Ek breek die roetine met ’n boek wat ek nie kan neersit nie.

Skottelgoed en etery kan wag. Die swembad kan later geborsel word. Wat wil ek tog in die winkel gaan doen?

Want tussen die bladsye pak twee geoloë hul besittings en ’n hond in ’n vragmotor. Hulle moet die wildernis invaar en van die kaart verdwyn.

Die oorlog in Europa het hulle in Afrika ingehaal.

As vrydenkendes wat juis uit Duitsland gevlug het, sien hulle nie kans vir ’n interneringskamp nie. Hulle weet dalk hoe die aardkors miljoene jare gelede ontstaan en gevorm is, maar om die wildernis te oorleef?

’n Bekende roetine, wat as ’n veilige vangnet beskou is, is gebreek. En selfontdekking gedy.

Wanneer die honger jou teister, maak jy vele planne om patryse by ’n watergat te vang, ’n gemsbok van agter ’n klip te bekruip, vars waterbronne te soek en water te berg.

Jy leer om vet uit karkasse te kook, vleis te rook en sout van die aardkors te oes.

Jy begin glads geitjies en akkedisse as troeteldiere in ’n grot aanhou en leer hulle om stukkies vleis te kom eet wanneer jy fluit.

Jy word boosaardig wanneer ’n slang jou troeteldier vreet en blaas sy kop weg om jou diertjie uit sy pens te haal.

Jy raak weer mens, een met die aardritme, sonder roetine.

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com.



Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

**PERSRAAD**

Ons onderskryf die Etiese Kode van die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlynmedia, wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, wat akkuraat, regverdig, gebalanseerd is, en onafhanklik ingesamel is.